

### Sing vooraf staande: Psalm 63:3 (p. 308)

- 3 Ek wil U prys my lewe lank, / my hande ophef en U dank.  
Want, soos met vettigheid, sal weer / my siel versadig word, o HEER!  
My mond sal jubelend U noem, / my lippe hoog u weldaad roem  
wanneer die aarde<sup>in</sup> nag versink – / dan sal ek peinsend aan U dink.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

### Lofpsalm 68:9 (p. 334)

- 9 Geloofd sy God met diep ontsag, / want Hy oorlaai ons dag aan dag / met ryke seëninge.  
Wie sou Hom dan nie dank bewys, / die God van saligheid nie prys, / met al die hemelinge?  
Dié God van volle saligheid / versterk ons in die dag van stryd / en dra ons deur die lewe.  
Hy kan en wil en sal in nood, / selfs as ons sidder vir die dood, / volkome uitkoms gewe.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

*Na die wet sing ons Psalm 45:16 (p. 233)*

Wet

Psalm 45:16 (p. 233)

- 16 Ek sal, o Vors, U eer bewys, / u Naam deur die geslagte prys.  
Die volke sal, in U verblyd, / U loof vir ewig en altyd.

Gebed

- *Dokologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*
- *Vergifnis:*
- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

**Amen.**

Psalm 84:2 (p. 424)

- 2 Die mossie vind 'n huis, o HEER, / die swaeltjies lê in nessies neer;  
en ek vind rus by u altare, / waar U vir my 'n woning maak  
en U, my Koning, my bewaak. / Gedugte HEER der leërskaare,  
welsalig wie in u paleis / U altyddeur mag loof en prys!

Skriflesing: Openbaring 1

Teks: Openbaring 1:17

**En toe ek Hom sien, val ek soos 'n dooie aan sy voete; en Hy het sy regterhand op my gelê en vir my gesê: Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amen. En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood. Openbaring 1:17, 18 AFR1953)**

Ons eet vandag saam met Hom.

- Hy wat daar was voordat daar tyd was, of voordat die aarde daar was, het sy Gees gestuur na ons toe.
- En die Gees het ons hiernatoe gebring vandag.

Weet u werklik wie is vandag u Gasheer?

- Hy is die Ewige Almagtige God.
- Dis Hy wat die aarde geskape het, elke keer as die Vader die bevel daarvoor gegee het.

Johannes, wat hier op Patmos soos 'n dooie voor Jesus se voete neerslaan, skryf in sy Evangelie dat daar absoluut niks is wat bestaan, wat nie deur hierdie Here Jesus geskape is nie.

- Daarom was die Here Jesus eerste.
- Hy was vóór die skepping reeds daar.

Maar in hierdie tyd voor die skepping het hierdie selfde God 'n raadsplan uitgewerk.

- In hierdie raadsplan is jou naam as 'n uitverkorene vasgelê.
- Hy was dus ook hierin eerste.

Die Here se Woord leer ons dat dit in hierdie verlossingsraadsplan van God nie afhang van die mens wat wil of wat loop nie. Dis die Raad van God wat bepaal wie word verlos – dit word bepaal deur die voorneme van God volgens sy verkiesing (Romeine 9). Of Efesiërs 1 wat leer dat ons voor die grondlegging van die wêreld in Jesus Christus uitverkies is sodat ons heilig en sonder gebrek voor Hom kan wees.

Hierdie God het 'n mens geword.

- Die Woord het vlees geword en het onder ons kom woon, en ons het sy heerlikheid aanskou.
- Die Here Jesus het later gesterf aan die kruis. Omdat Hy werklik dood was, is Hy begrawe.

Die dinge is helder in die geheue van die apostel Johannes.

- Hy onthou hoe hulle saam die eerste Nagmaal gevier het.
- Hy onthou die woorde van die Here Jesus dat daar een aan die tafel sit wat Hom sou verrai.
- Hy onthou hoe Judas opgestaan het en in die donker weggestap het, en hoe Judas homself later opgehang het en dat sy maag oopgebars het.

Nou is die prentjie meteens heeltemal anders.

- Hierdie Here Jesus wat destyds aan die kruis gehang het se teenwoordigheid slinger Johannes hier op Patmos teen die grond vas.
- Die heiligheid van God dryf die lewe uit hom uit dat hy word soos 'n dooie mens van vrees.
- Dit gebeur terwyl die Here Jesus in alle vriendelikheid aan hom verskyn.

Geliefde broeder en suster, as u aan hierdie Nagmaaltafel sit, moet nie na my kyk as die beker vir u aangegee word en die brood aan u uitgedeel word nie.

- U moet by my verbykyk na Hom toe wie se Nagmaal dit is.
- Daarom sê die Nagmaalformulier: *Verhef u harte tot Jesus Christus, ons Voorspraak aan die regterhand van die hemelse Vader, en wees verseker dat die Heilige Gees u net so seker met Jesus se liggaam en bloed versterk as wat u die tekens van brood en wyn tot sy gedagtenis ontvang.*

Dink dan daaraan dat jy aan die Almagtige God se tafel sit.

- Ons almal behoort eintlik ook soos Johannes op die grond neergegooi te word deur die geweldige heiligheid van God.
- Ons behoort te sterf vanweë sy teenwoordigheid.
- Maar ons lewe, en word in liefde genooi om te kom aansit en te eet aan sy tafel.

*Elkeen van ons se naam word genoem as Hy sê dat daardie verskriklike oomblikke aan die kruis vir ons was. Dit was vir jou sondes dat sy oë gebreek het toe Hy sy lewe afgelê het!*

Nou is die Here Jesus nie meer aan die kruis nie.

- Hy wat u nou nooi om te kom aansit, is 'n Regter wat beslis oor die hemel en die hel – onthou dit as u aansit en die brood eet en die wyn drink.
- Die kandelaar in die Here se hand is simbool van ek en jy, en van ons kerk. Hoeveel lig laat ons skyn? Of lewe ons onder die maatemmer?

Met hoeveel eerlikheid kom ons sy genade ontvang?

Hierdie Here Jesus se oë is vir Johannes soos 'n vlam van vuur wat verterend in ons inkyk.

- Elkeen van ons gaan hierdie oë van God nog sien – net soos wat Johannes dit gesien het.
- Ons gaan ook soos hy die oomblik beleef waar ons voor God staan met die besef dat Hy alles in ons lewe gesien het – al ons sondes en ongeregthede.

Geliefdes, luister net weer hoe beskryf Johannes die voete van hierdie Jesus wat u vandag aan hierdie tafel gaan spysig.

- Hulle gloei soos koper in 'n oond.
- Dit beteken net dat elkeen wat God gehaat en bedrieg het, deur daardie twee voete vertrap gaan word.
- Hy gaan elke vyand onderwerp – geeneen is bestand teen Hom nie.

Waarom nooi Hy ons dan vandag na hierdie tafel toe? Omdat Hy die Laaste en die Lewende is.

- Hy was die Eerste om uit die dood op te staan – daarmee het Hy geopenbaar dat Hy nooit weer sal sterf nie.
- Hy het ons daarmee geleer dat ons almal soos Hy ook uit die dood gaan opstaan – Hy gaan ons daaruit haal, en weer ons siele en liggame verenig.

Daarna gaan ons, soos Hy, lewe tot in ewigheid. Maar sommige mense sal ewig in die hel lewe, en ander – ons – sal ewig in die hemel by Christus lewe.

U sit vandag aan hierdie tafel omdat hierdie Almagtige God aan u sê dat Hy aan u die ewige lewe in die hemel gee.

- Hy sê met hierdie Nagmaal dat Hy juis vir jou sondes dood is, en dat Hy juis vir jou uit die dood opgestaan het.
- Kyk na Hom – Hy is die Lewende wat nooit weer gaan sterf nie.

Dis vir ons wat hier saam is wat Hy nou in die hemel is, om plek gereed te maak sodat ons daarheen kan gaan wanneer Hy ons roep.

Ons moet onthou dat ons 'n kandelaar in die Here Jesus Christus se hand is.

- As jy van hierdie tafel af opstaan, moet jou lewe dit daar buite gaan wys.
- Al die onmeetbare genade wat ons van die Here Jesus Christus af ontvang, moet jy gaan uitlewe.

*Ons moet 'n lewende getuigenis wees van die verlossing van Jesus Christus in ons lewe!  
Dis ook waarom ons saam met Christus kom eet; sodat ons geloof weer van nuuts af  
versterk kan word om al hierdie dinge te doen.*

Kom ons word minder sodat die Here Jesus Christus meer kan word.

- Ons word soos wat dit werklik is: Ons ontvang Christus se krag.

Kom ons lewe dit dan so uit! Ons lewe in die Here Jesus Christus se lig – kom ons straal dan sy lig uit!

- Ons lewe in die bewaring van hierdie Ewige God – moet dan nooit bang wees om u geloof uit te lewe nie!
- Wees daarvan verseker dat ons die ewige lewe het, want die Here Jesus wat ons hier bymekaar geroep het, waarborg dit aan elkeen van ons.
- Die bewys is dat ons die stem van die Heilige Gees gehoorsaam het toe ons op sy uitnodiging na die Nagmaal toe gekom het.

**Amen.**

Gebed

Psalm 89:3 (p. 444)

- 3 Die hemel loof, o HEER, u wonderbare mag; / die eng'le prys u trou en waarheid dag en nag.  
Want in die hemel is daar niemand U gelyk nie; / geen seraf wat voor U die vleuel nie moet stryk nie.  
U's groteliks gedug en eind'loos in vermoë, / u onverbreekb're trou omring U voor hul oë.

Formulier

Psalm 107:10 (p. 535)

- 10 Laat hul met offerande / die HERE loof en dank,  
die werke van sy hande / vermeld met klare klank;  
laat hul Hom dank bewys / vir redding wat so soet is,  
Hom met hul offers prys, / omdat Hy groot en goed is.

Af tafel toe:

Tydens Nagmaal: Psalm 116; Psalm 118

Slotgebed

Psalm 105:2 (p. 514)

- 2 Laat almal juig met blye galme; / sing voor die HEER jul vreugdepsalme;  
beroem jul in sy heil'ge Naam, / Laat almal wat Hom soek, nou saam  
hul hart verenig tot sy eer / en hul verlustig in die HEER.
- 3 Vra na die HEER der leërmagte, / die HEER oneindig groot in kragte;  
soek daeliks sy aangesig; / gedenk die werk deur Hom verrig,  
die wonders deur sy hand gedaan, / en wil sy strawwe gadeslaan.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Hulpdienspredikant  
Gereformeerde Kerk Clanwilliam  
Datum: 4 Maart 2012